WEEK 36 | 18 SEPTEMBER | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



>>> BLADSY 3

**Ses maande stryd, nou vlak een**

Pres. Ramaphosa kondig aan dat SA skuif na vlak 1 van die inperkingsperiode op 20 September.

>>> BLADSY 6

**Kerktorings in die landskap**

Die groot struktuur met sy skerp toringnaald aan die bokant, strek hoog in die lug in. Dit verdien 'n nadere beskouing!

>>> BLADSY 8

**Thys se nuwe wiele**

Thys se fiets het gebreek na 'n val, só dat hy met sy koelboks onder die arm moes loop om roomys te verkoop.

# TLB-FRATSONGELUK EIS JONG BOER SE LEWE

Terches Linde, oudste seun van Daleen en Charl Linde, bekende boere van Petrus Steyn omgewing is Vrydag tragies in 'n ongeluk oorlede. Na 'n besoek aan 'n implemente veiling by die RAC Wildsboma in Frankfort, het Terches met hulle nuwe TLB terug plaas toe gery. Die remme het nie gewerk nie en Terches het by 'n opdraande onder die voertuig beland. Juffrou Irma Brink skryf 'n huldeblyk aan dié oud-leerling op die Facebookblad van J.A. Malherbe Primêre Skool, waar Terches skoolgegaan het sedert 2007. Hy het diep spore getrap as akademikus, sportman en ook op kultuurgebied uitgeblink as voordraer en redenaar. Hy was hoofseun van die skool in 2014 "en sy leierskap het van absolute integriteit getuig" skryf Irma. "Terches, ons is trots op jou en ons eer jou nagedagtenis." Hy het gematrikuleer aan Bethlehem Voortrekker Hoërskool in 2019. BVHS eer ook sy nagedagtenis. "Tyd is niemand se vriend nie. Ons innige meegevoel aan Terches se gesin en sy familie na sy afsterwe tydens 'n padongeluk." Terches laat ook na sy jonger suster, Carli Linde. Innige meegevoel aan die Linde familie.










POSTNET HEILBRON

WE COLLECT & DELIVER BETWEEN ANY OF THESE TOWNS

HEILBRON
REITZ
FRANKFORT
PETRUS STEYN

FOR ONLY R49 parcels 0 - 5kg

PARCELS WEIGHING MORE THAN 5KG CONTACT US FOR A QUOTE

42 Els street, Heilbron T: 058 853 0006 E: heilbron@postnet.co.za


**Nasionale Braaidag 24 September**

Speel jy is Jan Braai, neem 'n foto van jou braaidagvieringe hierdie Donderdag en stuur dit na Heilbron Herald se Facebookblad

# KENNISGEWINGS - KENNISGEWINGS

### LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of T11037/1988 passed by **SAAMBOU NASIONALE BOUVERENIGING BEPERK** in favour of
**MARIUS BARNARD**
**Identity number: 581224 5069 086**
Married out of community of property in respect of
**ERF 240 REITZ, DISTRICT REITZ PROVINCE FREE STATE MEASURING 714 (SEVEN HUNDRED AND FOURTEEN) SQUARE METERS**
**HELD BY Deed of Transfer Number T11037/1988**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at SASOLBURG this 14th day of September 2020
**APPLICANT:**
**DE BEER & CLAASSEN ATTORNEYS**
**ADDRESS:**
**15 NJ VAN DER MERWE CRESCENT, SASOLBURG, 1947**
**E -MAIL ADDRESS:**
**alta@dbcgroup.co.za**
**CONTACT NUMBER: 016 976 0800**
**REF: MAT7488/T2228**

Form JJJ

### LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of T34723/2001 passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **SELINA MOKOENA**
**Identity number: 470716 0348 088**
Unmarried in respect of certain
**ERF 507 SANDERSVILLE (EXTENSION 3), DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at SASOLBURG this 16th day of September 2020
**APPLICANT:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE (57401)**
**ADDRESS: 40 KERK STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesa@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

### KENNISGEWING

**In die boedel van wyle:**
Johanna Maria van Niekerk
**Gebore op:** 11 Maart 1934
**Identiteitsnommer:**
340311 0023 085
**In lewe:**
Boervrou
**Datum oorlede:**
1 April 2020
**Boedelnommer:**
002780/2020
**Huwelikstaat:**
Weduwee
Kennis geskied hiermee aan alle debiteure en krediteure in voormelde boedel om hulle eise in te dien en skulde te vereffen ten kantore van die onderstaande binne (30) dertig dae gereken vanaf 18 September 2020. Bloemfontein en die Landdros te Koppies.
**AB VOSLOO**
**GEMAGTIGDE AGENT**
**POSBUS 44, 7 EERSTE STRAAT**
**KOPPIES, 9540**



**WINKELURE**
MAANDAE - DONDERDAE
07:30 tot 17:00
VRYDAE:
07:30 tot 16:30
SATERDAE:
09:00 tot 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033


**Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.**
Elsstr. 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033


**Heilbron Eiendomme**
VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF
www.heilbroneiendomme.co.za
**ANNELIZE 082 331 9856**
**HUISE TE KOOP**
**Winskopie** 3 Slaapkamer huis, 1 badkamer, sitkamer, eetkamer, kombuis, ruim erf. **R380 000**
**Sentraal Geleë** 3 slaapkamer huis, 1 badkamer, sitkamer, kombuis met spens en opwas, ruim sonstoep, enkel motorhuis met groot afdak. Netjiese tuin en veilig omhein. **R585 000**
**Sandersville** Netjiese 3 slaapkamer huis met 2 badkamers, sitkamer en kombuis met netjiese kaste. Erf goed omhein met dubbel motorhuis. **R735 000**
**HUIS TE HUUR**
3 slaapkamer huis met 3 badkamers, sitkamer en kombuis. Veilig omhein, enkel motorhuis asook afdak vir 2 motors. Onmiddelik beskikbaar – **R4500p/m**


# SKERP SEKURITEIT OP

Deur die loop van die week was daar twee huisinbrake op plase langs Petrus Steyn-pad, asook een veediefstal geval van skape van 'n plaas op die Sasolburg-pad, by die beheerkamer aangemeld.

Onlangs was daar ook 7 speenkalwers in die Heilbron omgewing gesteel. Verskeie huiseienaars van die dorp se hekmotors is gesteel en daar word 'n versoek aan inwoners gerig om sekuriteit op te skerp. Verskeie hekke is ook beskadig om toegang te verkry.

# ROLBAL AS SPORT

Tydens die rolbalklub se eerste bestuursvergadering vir die nuwe seisoen is daar verskeie voorstelle/idees bespreek. Daar is onder andere besluit dat met sosiale spel op Woensdae en Saterdae, spelers met gewone klere kan speel, maar dat rolbaldrag steeds verpligtend is tydens borgdae en kompetisies.

Ongelukkig is rolbal deur die jare gesien as "oumens albasters" en heelwat jonger spelers het die spel verlaat heelwaarskynlik as gevolg van sekere reëls wat rigied deur van die meer senior en ouer spelers toegepas is, terwyl mense ook onder die wanindruk verkeer dat dit net 'n ronde bal is wat "gegooi" word. Gelukkig is van die reëls met tyd aangepas en gewysig, spesifiek om die sport meer aanneemlik te maak vir jonger mense en vandag is daar alreeds baie jongmense wat die sport beoefen en verskeie van hierdie spelers het dan ook Proteakleure verwerf. Die bestuur wil weereens 'n uitnodiging rig aan enige persoon wat belangstel om op Woensdae en Saterdae te kom inloer by die klub, kom drink 'n koeldrank of 'n "eish" en kom raak deel van die rolbal-familie.

# YOU CAN DO SOMETHING TO HELP PREVENT CARDIOVASCULAR DISEASES

***• Heilbron Clinic***

Diseases of the heart and blood vessels were responsible for approximately 51% of total deaths in South Africa during 1974. The victims of cardiovascular disease are not only the sick and the elderly but also men and women in the prime of life. Indeed not even children escape.

**Is there anything we can do to prevent this state of affairs?** Various factors are known to contribute to the occurrence of these diseases. Some of them are beyond our control, e.g. heredity, but it is, fortunately, within the power of each one of us to exercise control over several of the most important contributory factors - risk factors - if only we wish to.

**What are these risk factors?**

**High Blood Pressure** - High blood pressure is dangerous because it overtaxes the heart. Regular treatment is therefore essential.

**Tension** - Tension is associated with the development of cardiovascular diseases and sudden death. Make provision for daily relaxation.

**Cigarette Smoking -** Among heavy cigarette smokers the death rate from cardiovascular diseases is five times higher than among non-smokers. Throw your cigarettes away, or make a drastic change in your smoking habits.

**Lack of Exercise** - Exercise promotes health, inactivity contributes to cardiovascular problems.

**Overweight** - Among overweight persons the death rate from cardiovascular diseases is 1.5 times higher than among people who are of ideal body weight. Keep your weight normal, reduce if necessary.

**Raised Blood Fat Levels -** Raised blood fat levels are dangerous. Regular exercise and correct diet are among the measures that can help to keep levels down.



# HOËRSKOOL REITZ VRL VIR 2021



*Op die foto agter: Tonia Stapelberg, MJ Claassen, Dewald Groenewald, Henco Swanepoel, Chris Mostert en Janus Oosthuizen. Op die foto Voor: Megan Byliefeldt, Carlize de Bruyn en Anica Wapenaar. Afwesig op die foto: Aluschka Heymans.*

# NUUT BY BRONNIES



Foto deur: Andre Pretorius Fotografie

Meneer Paul Grimbeek is aangestel by Hoërskool Heilbron om hierdie jaar te help met die Ekonomiese en Bestuurswetenskap- en Rekeningkundeklasse. Hy is van Parys afkomstig en tans in sy finale jaar as onderwysstudent aan die Noord-Wes Universiteit. Hy vertel dat onderwys sy roeping is en hy is opgewonde om in te skakel as nuwe onderwyser. Hy som homself op as Christen, sportfanatikus en 'n groot diereliefhebber. Hy voeg by hy is 'n familieman en sien uit om by die Heilbron gemeenskap in te skakel.

# SES MAANDE STRYD, NOU VLAK EEN

President Cyril Ramaphosa het Woensdagaand die land toegespreek en aangekondig dat Suid-Afrika op 20 September skuif na vlak 1 van die inperkingsperiode en regulasies om die verspreiding van die virus te bekamp. In sy toespraak verduidelik hy dat die grootste uitdaging tans is om die tweede golf te vermy. Die land se ekonomie kan nou begin terugkeer na soos dit was voor die inperkingsperiode 6 maande gelede. Vlak 1 regulasies tree in werking om middernag op Sondag, 20 September. Alle gesondheidsprotokol bly van krag, maar beperkings op geleenthede word gelig. Die maksimum persone wat 'n begrafnis mag bywoon verhoog van 50 na 100. Die aandklokreël is verander en is nou tussen 00:00 en 04:00 van krag. Sommige internasionale reise word nou toegelaat. Om die volledige toespraak te lees, gaan na https://www.gov.za.












# UIT DIE PEN

# WEEK VYF-EN-TWINTIG

Week 25. En dalk kan ons verwag dat ons binnekort met meer as 50 mense per keer kan vergader. Goeie nuus vir diegene wat gaan trou en ander byeenkomste. Nie dit sekere begrafnisse gaan raak nie, want daar is alreeds meer as 50 mense by begrafnisse. En geen fisiese afstand nie wanneer met 'n paar hooggeplaastes in 'n staatsvliegtuig Zim toe gevlieg word. Nietemin.
Ek was seker die blyste mens toe ons in ons provinsie kon begin reis. Ek was nog nooit in Cullinan nie, en ons twee is die eerste, die beste naweek soontoe. Skaars 70 km van ons huis af, maar ons kon uitkom!
En met die aanbreek van Vlak 2 toe daar aangekondig is dat ons buite die provinsiale grense kon reis, wat dit 'n heuglike tyding. Ons was gou-gou in die kar op pad Vrystaat toe. As ons net by die see kon uitkom, sou ek nog blyer gewees het. Hopelik sonder 'n masker. Eendag.
Ek het alreeds hier vertel dat ek nie 'n *happy camper* is nie. Ek kampeer nie. Glad nie. Dis net niks lekker nie. Punt. Ek weet, ek het al probeer en dit was nie 'n goeie ondervinding nie. Onder andere het ek al op 'n "stretcher" moes slaap en dié ding het onder my ingegee. Stuitjie kas toe, maar ek het probeer om aan te hou kamp. Dit was nie lekker om op 'n dun matrassie te lê nie en ek wil graag in 'n regte-egte toilet gaan sit en nie skottelgoed heen-en-weer dra nie. Ek het regtig probeer kamp. Dis was nog steeds nie lekker nie.
As kind het ons het 'n groen Jurgens karavaantjie gehad. Dit was so half *top of the range* vir daardie dae. Daar was slaapplek vir vier mense. As jy jouself in die grootte van 'n vuurhoutjieboksie kon vou.
Rooikopsussie het op 'n bedjie aan die linkerkant van die karavaan geslaap. Ma en Pa moes opkrul om hulself op die dubbelbed aan die regterkant te kon balanseer. En ek? Ek het bo rooikopsussie in 'n hangmat moes slaap totdat ek een aand met die hele hangmat bo-op rooikopsussie te lande gekom het.
Ek kon onthou dat my pa die karavaan met die blou Peugeot 405 moes sleep. Met daardie groot, majestueuse spieëls wat aan die kar se deure vasgemaak is. Sodat jy verby die karavaan kon sien.
Ons het alles ingepak wat moes in en dit stewig onder die dubbelbed en Rooikopsussie se bed vasgepak. Niks mog rondbeweeg terwyl ons op reis was nie.
My gryse ou pa het die groen Jurgens Aliwal-Noord toe gesleep. In die dae toe jy nog soontoe kon gaan. Aldam toe. Christiana toe. Buffelspoort. Jip, ek het dit alles bygewoon en niks daarvan oorgekom nie. Maar ek hoef nie weer nie.
Die afgelope naweek kuier ons by my oudste boet (ons was minder as 50 mense) en reis weer met ons herinneringspad af. Ons lag en giggel saam oor ons kleintyd. Maar ons kan nie oor dieselfde dinge lag nie, want ek en Johan verskil 14 jaar. Ek kan net van een geleentheid onthou wat ons vakansie gehou het waar Johan daar was. Dalk was daar meer, ek kan net van een keer onthou.
Johan het later jare die karavaan bygekry en genadiglik dit vervang met 'n nuwer model. Met dié onthou ons van twee stories oor karavane.
Een van ons vriende vertel van die karavaan wat met groot sorg gepak is. Die kruideniersware in bokse, handdoeke en klere. Sy tent en matrasse, matjies en tafels, stoele en sambrele. Die werke. Alles in die karavaan.
Hulle begin die tog na die vakansiebestemming. Almal is in 'n goeie luim, sing liedjies in die kar, speel kar-speletjies soos "ek sien met my kleine-kleine ogie…" Later probeer die kinders inkleur, maar baklei te veel. Die een kerm en die ander een vra hoe ver dit nog is. Een van die kinders verklaar onomwonde dat hy meer na sy hond verlang as wat hy uitsien na die vakansie.
In 'n dorp of twee voordat hulle by die vakansiebestemming kom, stop hulle vir die laaste koeldrank en toilet, en toe almal terug is besluit pa om net gou die karavaan oop te sluit om te kyk of alles binne-in steeds reg is.
Toe pa die deur van die karavaan opmaak, swaai Wagter sy stert uitbundig, baie bly om weer sy mense te sien. Die klein karnallie het die karavaan ingesluip en hom onder die bed tuisgemaak sonder dat iemand dit agtergekom het. En so was Wagter amper saam see toe. Gelukkig het die plaaslike veearts ingewillig om vir Wagter in veilige bewaring te neem totdat iemand hom huis toe kon vat.
Ons luister na die eksperiment om 'n kar se slaapvermoë te toets. Oom Piet het sy vriend se karavaan aangehak en die twee het vinnig in die kar gespring en by die naaste grondpad ingedraai. Redelike sinkplaatpad. Oom Piet jaag die spoed so bietjie op en ry dan weer stadiger. Hy draai skerp links om te kyk of die karavaan in die pad kan bly. Dan weer skerp regs. Na 'n paar kilometer maak hy 'n driepuntdraai om te kyk op watter stadium die karavaan sou wou knipmes.
Oom Piet en sy vriend is baie ingenome met die kar se sleepvermoë en met die karavaan. Hulle besluit om terug te ry huis toe. Sodra alles ingepak is, kan die vriend en sy familie vertrek met vakansie, want die karavaan is mos nou getoets. Geweeg en goed genoeg bevind.
Hulle stop by die huis, en net oom Piet se vrou staan en wag, ietwat dreigend.
Waar is die vriend se vrou, vra die twee? Nugter weet, sê oom Piet se vrou, sy wag ook vir haar. Sy kon sweer sy was netnou nog hier.
Die twee manne ontkoppel die karavaan en maak dit stewig staan. Hulle sluit die karavaan se deur oop. En tref die oom se vrou verskrik op die bed aan. Haar lyf is alreeds seer van die heen-en-weer gegooi in die karavaan. Want sy was in die karavaan met die getoetsery.
Dis dalk hoekom ons nie 'n karavaan het nie: sê nou net iemand vergeet my binne-in. Wat dan?

# HULDEBLYK AAN PHILIP SPIES



Philip Spies gebore 10 September 1972 en oorlede 10 September 2020.
Familiebrief: Liewe pappa, man, boetie en seun, mag jou siel rus in vrede by God. Mag jy God se regterhand wees en jou vlerke sprei in die hemel en jou drome gaan uitleef nes jy nog altyd wou doen. Jy is verlos van enige pyn en jy gaan vir baie jare nog gemis word. Jou glimlag, grappies en droë sin vir humor gaan in ons harte bly. Hy was 'n wonderlike pa vir sy dogters en 'n voorbeeld vir ons elkeen. Jou plekkie is leeg en elkeen wat jou geken het sal vir altyd die saadjie behou wat jy in ons harte geplant het.
Jolande Spies bedank elkeen vir hul teenwoordigheid namens die Spies familie. Al die ondersteuning vanaf die gemeenskap en elkeen se oproep, bystand en liefde word opreg waardeer.



# GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Celéste** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies) • **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

# DIENSTE

**Andries Muller**
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com**
R

HOU HEILBRON SKOON

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron**
R


**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BEES-WINKEL**
Vir alle aanlyn veeverkope in die omgewing.
**Skakel gerus vir Lukas Swart 082 322 5150**
K0728

**AANKOOP VAN SPEENKALWERS**
Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman**
**072 287 4111 • Heilbron**



# KENNISGEWINGS




**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS**

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68(1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE T989/1977** gepasseer deur Barclays-Nasionale Bank Beperk ten gunste van **ANDRIES PETRUS COETZEE DU TOIT,** Identiteitsnommer 520208 5049 085, Ongetroud.
ERF 303 KOPPIES, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT.
GROOT 1971 (Een Duisend Nege honderd een-en-sewentig, vierkante meter.
Gehou kragtens Transportakte T989/1977.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sondanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
***Gedateer te Bloemfontein op hede die 10de dag van September 2020.***
**FORSTER PROKUREURS**
**APPLIKANT**
**P/A JAN HUGO PROKUREURS**
**KELLNERSTRAAT 40**
**BLOEMFONTEIN**
**E-POS: prok@jhugoprok.co.za**
**TEL: 051 448 2747**

**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS**

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T23398/2002** gepasseer deur **DIE KURATORS IN DIE INSOLVENTE BOEDEL VAN JOHANNES AUGUST OOSTHUIZEN, Identiteitsnommer: 481206 5016 085,** getroud buite gemeenskap van goed, **NR. B352/2001** ten gunste van **ABRAHAM LODEWIKUS STADLER, Identiteitsnommer 580610 5089 002,** getroud buite gemeenskap van goed ten aansien van sekere **PLAAS ARMSTRONG 512, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT** wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
***Gedateer te Reitz op hede die 18de dag van September 2020.***
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ 9810**
**bligwes06@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884/5**

**WINKELURE:**
**Maandae - Donderdae:** 07:30 - 17:00
**Vrydae:** 07:30 - 16:30 / **Saterdae**: 09:00 - 13:00
*Elsstraat 44 • Heilbron / Tel: 058 852 3033*

Late-Nite Video
Heilbron
JUST IN
Darling Sweets
Coming soon
Racheltjie de Beer
Kerkstraat 42 C / 42 C Church Street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

**POSTNET HEILBRON**
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
*Elsstraat 42*
*HEILBRON*
*Tel:*
*058 853 0006*

GiG Technologies (Pty) Ltd
Jenny Wireless Internet
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**Pos beskikbaar @ SAN-JO'S RESTAURANT**
**VEREISTES**
Goeie menseverhoudings
Energiek, netjies & eie vervoer
Onder druk kan werk
Afrikaans- & Engelssprekend
CV & ID afskrif by restaurant voor 25 September 2020




# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***
G

## GEMEENSKAPSNUUS

# KERKTORINGS IN DIE LANDSKAP....DIE BOODSKAPPER

Die eerste ding wat 'n reisiger op Suid-Afrikaanse paaie sien wanneer hy 'n dorp nader, is 'n kerktoring. Hierdie groot struktuur met sy skerp toringnaald aan die bokant strek hoog die lug in. Dit verdien 'n nadere beskouing!

Die toring huisves eerstens die kerkklok wat aankondigings doen oor die doen en late van die gemeenskap. Wat vir my die belangrikste is, dit kondig aan dat hier Christene woon en dat hulle hier hul Skepper aanbid. Die reisiger sal uit nuuskierigheid gaan kyk hoe lyk die kerk en dalk ook die binnekant – hulle sal foto's neem omrede hedendaagse argitektuur ook plek moes maak vir die beperkte ruimte en fondse tot hul beskikking!

Die Christene wat daar woon en aanbid, wie is hulle en wat doen hulle?

• Eerstens het die kerk 'n boodskap – God het sy mense gered deur Christus!

• Christenskap is die geloof in Jesus, die seun van God as die Messias (Verlosser).

• Wat is die vyf strewes van die kerk – aanbidding, broederskap, dissipelskap, bediening en sending.

Die voorhangsel by die preekstoel dra altyd 'n boodskap wat die Christene prikkel van o.a. die Alpha en Omega, maar een wat my persoonlike treffer is, is "God is Liefde"! Dit vertel waaroor die lewe gaan!

Die kerkklok het deur die jare belangrike boodskappe uitgestuur – dit het begrafnisse aangekondig, spesiale dienste, en seker die belangrikste het dit Christene Sondae herinner dat die eredienste 'n sekere tyd begin. Jare gelede het dit twee keer op 'n Sondag gelui, een uur voor 'n aanvang van 'n diens en dan weer 'n halfuur voor die begin.

Dorpenaars sal onthou hoe dit klink "kom Sondaars kom"! Eintlik het dit 'n jeuglike tyding aangekondig – kom Christene kom, kom bymekaar om die Here jul Skepper te loof!

Tye het baie rituele verander – onthou as stedeling wat op 'n dorpie nes geskrop het, as die kerkklok weeksdae sy boodskap bring sal dit nege uit die tien kere aankondig dat 'n mede-Christen ter aarde bestel word. 'n Ruk later sou die begrafnisstoet voorgegaan het met 'n verkeersinspekteur wat die pad na die begraafplaas beskikbaar maak en al die besighede sal hul deure sluit en in eerbied stilstaan totdat die stoet verby is.

Vra nou die dag vir kleinsus wat in Nieu-Seeland woon of die kerke daar ook torings het – nee, maar hulle het kerkklokke, vertel sy. Die kerke daar word van hout gebou en die strukture sal seker nie swaar torings kan huisves nie.

Baie kerkdienste word in skoolsale, ens aangebied – hulle het ook 'n Afrikaanse gemeente wat in 'n skoolsaal hulle geloof beoefen.

Het baie gewonder oor die toringnaald met die hoenderhaan? Dink daar is 'n tweeledige antwoord, dit dui die windrigting aan, asook dien dit as 'n weerligafleier. Die weerlig tref gewoonlik die hoogste punt in 'n omgewing. Grappenderwys, dit is seker ook die rede dat die haan nie 'n eier kan lê nie. Baie gemeentes het ook deur die jare 'n horlosie in die toring aangebring as versiering en nuttige tyd aanduier.


*Time gentlemen - Tom Watson*



*Een van die nuwe kerk ontwerpe is die Nederduitsch Hervormde Kerk in Heilbron met sy "losstaande" toring. Daar kan gelet word daarop dat die toring aan die westekant staan soos algemene praktyk.*



*Die Presbiteriaanse hout-kerk in Nieu-Seeland met 'n kloktoring. Baie min geboue in Nieu-Seeland word van stene gebou en brand is die groot gevaar. Oral word eredienste in sale aangebied. Afrikaanse gemeentes met leraars is reeds daar gevestig.*



*Die NG Moedergemeente op Heilbron met sy kenmerkende hoë toring en toringnaald. Sy toring sit ook aan die westekant. Een van die uitstaande kenmerke van die kerk is sy loodglas vensters wat 'n gewyde atmosfeer skep.*



# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

### VEILING

In die Landdroshof vir die distrik van Reitz, gehou te Reitz.
**Saaknommer: 39/2016**
**In die saak tussen:**
**HOËRSKOOL REITZ** *Eiser*
en
**JJ LE ROUX**
**Identiteitsnommer: 811002 5018 085** *1ste Eksekusieskuldenaar*
**AA LE ROUX**
**Identiteitsnommer: 840621 0017 084** *2de Eksekusieskuldenaar*
Ingevolge vonnis gelewer op 11 Mei 2016 in die bogemelde Landdroshof en Lasbrief van Eksekusie daarna uitgereik word die goedere hieronder beskryf in eksekusie verkoop op 9 Oktober 2020 om 10:00 te De Wetstraat 22, Reitz aan die hoogste bieër:
**GOEDERE:**
**1 X WIT MAZDA BT 50 MET REG NR. DTN714FS**
**Voorwaardes van verkoping:**
Die verkoping is voetstoots en geen waarborg word verskaf nie.
**Neem verder kennis dat:**
Hierdie is 'n verkoping in eksekusie kragtens 'n vonnis bekom in bogenoemde hof in terme van Regulasie 20(3) van die Wet op Verbuikersbeskerming, 68 van 2008, is die volledige advertensie en beskrywing van goedere beskikbaar 24 uur voorafgaande die verkoping te die kantoor van die Balju Reitz, De Wetstraat 22, Reitz.
Registrasie as koper is 'n vereiste onderworpe aan bepaalde voorwaardes o.a
3.1 voorskrifte van die Verbuikersbeskermingswet 68 van 2008 (URL http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961)
3.2 Fica-wetgewing met betrekking tot identiteit & adresbesonderhede
3.3 Betaling van registrasiegelde
3.4 Registrasievoorwaardes.
Verkoping sal geskied deur die kantoor van die Balju Reitz met afslaer Wynand Minnie, 083 654 7512.
Advertensiegelde teen heersende publikasietariewe & verkopingkoste volgens Hofreëls, geld.
**Wyse van betaling:** Kontant, bankgewaarborgde tjek of elektroniese inbetaling onderhewig aan aanvaarbare bewys van betaling.
***Gedateer te Reitz op die 6de dag van Augustus 2020.***
**W MINNIE - BALJU**
**W MINNIE - AFSLAER**

**BLIGNAUT & WESSELS**
**PROKUREUR VIR EISER**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ**
**VERW: H171/MNR BLIGNAUT/re**

### VEILING

In die Landdroshof vir die distrik van Reitz, gehou te Reitz.
**Saaknommer: 339/2013**
**In die saak tussen:**
**JOHANNES BENJAMIN FOURIE** *Eiser*
en
**NHLANHLA JOEL NHLAPO**
**Identiteitsnommer: 750911 5459 086** *Verweerder*
Ingevolge vonnis gelewer op 27 Februarie 2014 in die bogemelde Landdroshof en Lasbrief van Eksekusie daarna uitgereik word die goedere hieronder beskryf in eksekusie verkoop op 9 Oktober 2020 om 10:00 te De Wetstraat 22, Reitz aan die hoogste bieër:
**GOEDERE:**
**1 LOGIK FLATSCREEN TV** **1 SONY HOME THEATRE**
**4 STUK SITKAMERSTEL** **1 HOUT KOFFIETAFEL**
**1 SAMSUNG DUBBELDEUR YSKAS**
**Voorwaardes van verkoping:**
Die verkoping is voetstoots en geen waarborg word verskaf nie.
**Neem verder kennis dat:**
Hierdie is 'n verkoping in eksekusie kragtens 'n vonnis bekom in bogenoemde hof in terme van Regulasie 20(3) van die Wet op Verbuikersbeskerming, 68 van 2008, is die volledige advertensie en beskrywing van goedere beskikbaar 24 uur voorafgaande die verkoping te die kantoor van die Balju Reitz, De Wetstraat 22, Reitz.
Registrasie as koper is 'n vereiste onderworpe aan bepaalde voorwaardes o.a
3.1 voorskrifte van die Verbuikersbeskermingswet 68 van 2008 (URL http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961)
3.2 Fica-wetgewing met betrekking tot identiteit & adresbesonderhede
3.3 Betaling van registrasiegelde
3.4 Registrasievoorwaardes.
Verkoping sal geskied deur die kantoor van die Balju Reitz met afslaer Wynand Minnie, 083 654 7512.
Advertensiegelde teen heersende publikasietariewe & verkopingkoste volgens Hofreëls, geld.
**Wyse van betaling:** Kontant, bankgewaarborgde tjek of elektroniese inbetaling onderhewig aan aanvaarbare bewys van betaling.
***Gedateer te Reitz op die 25ste dag van Augustus 2020.***
**W MINNIE - BALJU**
**W MINNIE - AFSLAER**

**BLIGNAUT & WESSELS**
**PROKUREUR VIR EISER**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ**
**VERW: F204/MNR BLIGNAUT/re**

### KENNISGEWING

In die boedel van **WYLE WILLEM ADRIAAN DE JONGH, Identiteitsnommer 370929 5004 08 2,** wewenaar wat woonagtig was te plaas Buffeldoorn, distrik Koppies, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 2 Mei 2019, **boedelnommer 004453/2019.**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Koppies, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

### KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die boedel van **JOHANNA ELIZABETH POTGIETER, Identiteitsnommer 420711 0004 089,** wie oorlede is op 13 Oktober 2015, getroud binne gemeenskap van goedere met **CORNELIUS DANIËL POTGIETER, Identiteitsnommer 430713 5002 082** en woonagtig was te WILSONSTRAAT 2, REITZ, **boedelnommer 001832/2016.**
Aan alle persone wat vorderings het teen bogemelde boedel moet dit binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by die ondergetekende adres inlewer.
**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**POSBUS 98, REITZ, 9810**
**TEL: 058 863 3468/9**

Vorm JJJ

### VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE T21096/2000** gepasseer deur **DIE EKSEKUTEUR IN DIE BOEDEL VAN WYLE JOHANNES CORNELIUS JACOB DE VILLIERS,** ten gunste van:


1. **MATHILDA VERONICA VAN JAARSVELD**
   Identiteitsnommer 551205 0107 084
   Getroud buite gemeenskap van goed
2. **CHARLES TIELMAN DE VILLIERS**
   Identiteitsnommer 600219 5175 088
   Ongetroud
3. **JOHANNES DE VILLIERS**
   Identiteitsnommer 660922 5167 008
   Ongetroud

ten aansien van sekere **GEDEELTE 21 VAN ERF 1342 PARYS, DISTRIK PARYS, PROVINSIE VRYSTAAT,** wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 14de dag van SEPTEMBER 2020.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & VENNOTE INGELYF**
**KERKSTRAAT 40**
**POSBUS 205, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

### WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 19 Sept. | 14 / 31 | Sonnig |
| So 20 Sept. | 12 / 32 | Sonnig, warm |
| Ma 21 Sept. | 13 / 32 | Sonnig, warm |
| Di 22 Sept. | 14 / 31 | Sonnig |
| Wo 23 Sept. | 15 / 31 | Gedeeltelik bewolk, sonnig |
| Do 24 Sept. | 13 / 29 | Sonnig |
| Vr 25 Sept. | 13 / 29 | Sonnig |

**Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.**
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033



HERALD

# GOED BETER BRIEKE

"I got my mojo back", was Pieter van Staden alias Brieke se woorde toe hy verlede Saterdag se plaaslike kompetisie gewen het met 38 punte. Hy kuier die afgelope paar Saterdae gereeld in die pryse en sal seker ook een van die perde wees om te "back" in volgende naweek se Kankerdag. So van die Kankerdag gepraat, dit word volgende naweek aangebied. Nadat daar besluit is om die nasionale kompetisie te kanselleer, het Oos Vrystaat Gholfunie besluit om dit wel aan te bied vir Oos Vrystaatse klubs met die finaal op Bethlehem. Heilbron se kompetisie word in drie mansafdelings en 'n damesafdeling aangebied.

Verlede Saterdag se wenners soos volg: Pieter van Staden 38, Ruan Mienie 36, Leonard Strydom 35, Jackie Leonard 35, Simon Malgas 34 en Abrie Watson 34.

Môre is daar gewone spel vanaf 10:30.




# THYS SE NUWE WIELE

Die bekende geluid van die roomysklokkie het amper stil geraak toe Thys Motsiri se fiets sò gebreek het na 'n val, dat hy met sy koelboks onder die arm moes loop om roomys te verkoop.

Inwoners van Heilbron en Phiritona ken die roomysman en kinders eien die geluid van ver af. Gerrie Muller, president van Heilbron Gholfklub, het Thys se nood raakgesien en besluit daar moet 'n plan gemaak word om hom te help. Hy het met sy medebestuurslede gepraat en Woensdagaand is Thys se nuwe wiele aan hom oorhandig. Dit het boonop 'n dra-rak voor en kan hy nou dalk 'n groter koelboks ook gebruik. Hy doen sy aankope in die Vaaldriehoek en sê dat Caramel die gewildste geur is. Die warm weer en dat die kinders meer by huise is, sal dalk ook sy omset verhoog.



*Op die foto staan vl: Willie Pretorius, Jackie Leonard, Eben Stander, RJ Muller, Pieter van Staden, Willem Loots en Gerrie Muller.*

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 22 SEPTEMBER 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

BULTFONTEIN: DOLF & ESTIE DU BRUYN PRODUKSIEVEILING
1000 Top SAVM skape
11:00, Ons s'n, Bultfontein
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 877 7443

DONDERDAG - 24 SEPTEMBER 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VRYDAG - 25 SEPTEMBER 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BKB LOUWID

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

# VUURWAPENEIENAARS NEEM KENNIS

Alle mense in die besit van 'n vuurwapen word herinner dat indien hulle van adres of selfoonnommer verander, om die plaaslike polisiestasie te besoek en die besonderhede reg te stel. Hierdie versoek word gerig sodat suksesvolle kommunikasie kan plaasvind rondom die vuurwapenamnestie gebeure, vervalde vuurwapenlisensies en die hernuwing van vuurwapenlisensies.

